Munisipaliteit
Municipality
Umasipala

NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERS-KOMITEE GEHOU IN DIE BANKETSAAL, MALMESBURY OP WOENSDAG, 22 JANUARIE 2014 OM 08:00

TEENWOORDIG:

Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen (voorsitter)
Uitvoerende Onderburgemeester, rdh M S I Goliath

Lede van die Burgemeesterskomitee:
Rdl R F van der Westhuizen
Rdl W Wilskut

Ander raadslede:
Rdh N J A Rust

Beamptes:
Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr K C Cooper
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp
Bestuurder: Sekretariaat en Rekorddienste, me N Brand

1. OPENING

Rdh N J A Rust open die vergadering met gebed op versoek van die voorsitter.
Die voorsitter rig 'n spesiale woord van verwelkoming aan almal teenwoordig op die eerste Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering van 2014.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdle M van Zyl en C H H Hunsinger, sowel as die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr A J Botha.

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/SPREEKBEURTE

Geen

4. NOTULES

4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE-VERGADERING GEHOU OP 6 DESEMBER 2013

BESLUIT

Dat die notule van 'n Gewone Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 6 Desember 2013 goedgekeur en deur die Burgemeester onderteken word, onderhewig aan die volgende wysigings:

Item 7.2: Algemene Jaarvergadering: Kaapse Aftreefonds: Aanwysing van afgevaardigdes (11/1/2/5)

BESLUIT/

4.1/...

BESLUIT
[ter vervanging van paragraaf]

(b) Dat rdh M S I Goliath (as sekunde, rdh T van Essen) en rdl R F van der Weshuizen (as sekunde, rdl M van Zyl), genomineer is om die Raad te verteenwoordig by die Algemene Jaarvergadering van die Kaapse Aftreefonds op 14 Februarie 2014.

5. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULE VAN 'N UITVOERENDE BURGEMEESTERS-KOMITEEVERGADERING GEHOU OP 6 DESEMBER 2013

5.1 ITEM 7.9: AANSOEK OM AFWYKING OP ERF 447, KORINGBERG (15/3/4-7) (WYK 1)

STAAN OOR ten einde geleentheid te gee om 'n ter plaatse inspeksie uit te voer.

5.2 ITEM 7.13: VOORGESTELDE ONDERVERDELING, VERGUNNING EN AFWYKING OP ERF 1369, RIEBEEK KASTEEL (15/3/4-11, 15/3/6-11, 15/3/10-11) (WYK 12)

STAAN OOR ten einde geleentheid te gee om 'n ter plaatse inspeksie uit te voer, asook om kommentaar vanaf die wykskomitee van Wyk 12 te bekom.

6. NUWE SAKE

6.1 HALFJAARLIKSE BEGROTINGS- EN PRESTASIE-EVALUASIE (2/4/2)

Artikel 72(1) van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur (MFMA), Wet 56 van 2003, bepaal dat die rekenpligtige beampte teen 25 Januarie van elke jaar die prestasie van die Munisipaliteit gedurende die eerste helfte van die finansiële jaar moet evalueer.

Die verslag (met die sakelys gesirkuleer) is opgestel in lyn met die voorskrifte van die Munisipale Begroting en Verslagdoening Regulasies (Algemene Kennisgewing 393 in die Staatskoerant van 17 April 2009).

BESLUIT
[vir voorlegging aan die munisipale raad op 30 Januarie 2014]

(a) Dat kennis geneem word van die halfjaarlikse begrotings- en prestasie-evaluasie met betrekking tot die eerste helfte van die 2013/2014 finansiële jaar;

(b) Dat die evaluasieverslag op 30 Januarie 2014 aan die Raad voorgelê word in terme van Artikel 54(1)(f) van die MFMA;

(c) Dat, in opvolg op bogenoemde [en met verwysing na regulasie 23(1) hierbo], 'n aansuiweringsbegroting op die 2013/2014 begroting ter tafel gelê word vir oorweging by die Raadsvergadering op 30 Januarie 2014;

(d) Dat die Bestuurder: Strategiese Dienste in samewerking met die Direkteur: Finansiële Dienste verseker dat, in terme van artikel 72 van die MFMA sowel as regulasie 35 hierbo, die halfjaarlikse begrotings- en prestasie-evaluasie veslag –
  (i) ingedien word by Nasionale Tesourie en Provinsiale Tesourie, in beide gedrukte en elektroniese formaat, op 24 Januarie 2014; en
  (ii) in terme van regulasie 34(1), **teen nie later nie as 4 Februarie 2014**, op die webtuiste geplaas word vir publieke insae.

6.2 AANSUIWERINGSKAPITAAL EN –BEDRYFSBEGROTING VIR DIE 2013/2014 FINANSIËLE JAAR (5/1/1/1-2013/14; 5/1/1/2-2013/14)

Die/...

6.2/...

Die Aansuiweringsbegroting vir die 2013/2014 finansiële jaar moet in terme van artikel 28 van die MFMA oorweeg word, en is daar sekere vereistes waaraan dit moet voldoen soos deur die voorsitter uitgewys.

BESLUIT
[vir voorlegging aan die munisipale raad op 30 Januarie 2014]

(a) Dat goedkeuring verleen word vir die virement van fondse tussen kapitaalprojekte soos aangedui in **Aanhangsel A** van kapitaalitems ten opsigte van die Aansuiweringskapitaalbegroting vir 2013/2014, asook ongespandeerde kapitaal en nuut voorgestelde projekte vir 2013/2014 as gevolg van die noodsaaklikheid daarvan;

(b) Dat die nodige statutêre dokumentasie afgehandel word in terme van die MFMA en dat die Nasionale en Provinsiale Tesourie dienooreenkomstig ingelig word;

(c) Dat die aanpassing geen verhoogde finansiële implikasie vir die Raad inhou in terme van verhoogde tariewe vir die 2013/2014 finansiële jaar nie, maar het die aansuiweringsbegroting wel ‘n positiewe vermindering in die tekort van R12 033 195 na R4 373 035. Die meerderheid van die oorgespandeerde lynitems word gefinansier uit die balans van die onvoorwaardelike toekening;

(d) Dat goedkeuring verleen word vir die oordra van ongespandeerde fondse vanaf staatstoekennings wat alreeds deur Provinsiale Tesourie geodgekeur is t.o.v. die 2012/2013 finansiële jaar, soos aangedui in die Raad se finansiële state op 30 Junie 2013; **(Aanhangsel D)**

(e) Dat goedkeuring verleen word om die kapitaal- en bedryfsbegroting vir 2013/2014 as volg te wysig:

	Oorspronklike Begroting	***Aansuiweringsbegroting***
Kapitaal:	R 83 479 509	R 91 530 588
*Bedryfsuitgawe:	R 478 880 932	R 495 083 772
*Bedryfsinkomste:	R 466 847 737	R 490 710 737
Surplus/(Tekort):	(R 12 033 195)	(R 4 373 035)

**Dat die Raad kennis neem dat die finale inkomstes en uitgawes soos gerapporteer in die B-skedules aan Nasionale en Provinsiale Tesourie sal verskil van die syfers in ProMun, omrede die departementele kostes verskillend bereken word. Nieteenstaande bly die resultaat in terme van die surplus en tekort onveranderd.*

6.3 VERSLAG VAN DIE OUDITEUR-GENERAAL OOR DIE FINANSIËLE STATE EN PRESTASIE INLIGTING VAN SWARTLAND MUNISIPALITEIT VIR DIE JAAR GEËINDIG 30 JUNIE 2013 (5/15/1/12)

Swartland Munisipaliteit, tesame met die Weskus Distriksmunisipaliteit het geskiedenis gemaak deur die eerste plaaslike munisipaliteite te wees wat drie opeenvolgende skoon oudits ontvang het.

Die voorsitter noem, met verwysing na die nie-bereiking van prestasieteikens van Hoofstuk 7, dat Swartland Munisipaliteit die enigste munisipaliteit is wat die bereiking van sy strategie in die prestasiemetingstelsel opgeneem het. Dit is gedoen deur innoverende teikens te stel met die doel om Swartland Munisipaliteit na ’n hoër vlak van plaaslike regering te neem.

BESLUIT
[vir voorlegging aan die munisipale raad op 31 Januarie 2013]

Dat die aangehegte verslag van die Ouditeur-Generaal vir die jaar geëindig 30 Junie 2013 goedgekeur word.

6.4 VERSLAG AANGAANDE DIE IMPLEMENTERING VAN DIE VOORSIENINGS-KANAALBESTUURSBELEID VIR DIE PERIODE 1 OKTOBER TOT 31 DESEMBER 2013 (8/1/B/2)

Artikel 6(3) van die *Supply Chain Management-Regulasies* bepaal dat daar op 'n kwartaallikse basis aan die Uitvoerende Burgemeester verslag gedoen moet word aangaande die werksaamhede van die betrokke afdeling.

BESLUIT

Dat daar kennis geneem word van die werksaamhede van die Voorsieningskanaalbestuursafdeling ten opsigte van die tydperk 1 Oktober tot 31 Desember 2013, welke verslagdoening ingevolge artikel 6(3) van die *Supply Chain Management*-Regulasies gedoen word.

6.5 AANSTEL VAN LEDE OP DIE FINANSIËLE- EN PRESTASIE OUDITKOMITEE (11/1/3/1/7)

Die lede van die Finansiële Ouditkomitee is in Desember 2012 vir 'n termyn van drie jaar, eindigend 31 Desember 2015, aangestel.

Die lede van die Prestasie Ouditkomitee moet op 'n jaarlikse basis heraangewys word. Die lede wat tans op die komitee dien is bereid om voort te gaan vir 'n termyn tot 31 Desember 2014. Die lede van die Prestasie Ouditkomitee is:

- Mnr J M Becker (voorsitter)
- Mnr C B de Jager
- Me F Allie
- Mnr A B J Dippenaar.

BESLUIT

(a) Dat, ten einde kontinuïteit te verseker van lede wat op die Prestasie Ouditkomitee dien, goedkeuring verleen word dat die termyn van die bestaande lede verleng word na 31 Desember 2014;

(b) Dat die vergoeding betaal ten opsigte van die voorbereiding en bywoning van vergaderings onveranderd bly.

6.6 UITSTAANDE DEBITEURE: DESEMBER 2013 (5/7/1/1)

'n Volledige verslag van die stand van uitstaande debiteure is met die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die verslag aangaande die stand van uitstaande debiteure vir die maand van Desember 2013.

6.7 UITSTAANDE VERSEKERINGSEISE (5/14/3/5)

Ingevolge die Batebestuursbeleid moet maandeliks verslag gedoen word insake die uitstaande versekeringseise.

Die voorsitter versoek dat die eis ten opsigte van die Darling Swembad opgevolg moet word.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die stand van uitstaande versekeringseise soos met die sakelys gesirkuleer.

6.8/...

6.8 ARGITEKTONIESE ONTWERPSHANDLEIDING VAN DIE MOORREESBURG INDUSTRIËLE ONTWIKKELING (ERF 1133), MOORREESBURG (15/3/6-9; 15/3/3-9) (WYK 2)

Goedkeuring is in 2013 verleen vir die ontwikkeling van die "Moorreesburg Industriële Park" wat sal bestaan uit 71 nywerheidserwe en een besigheidsperseel. Die ontwikkelingsplan is in Desember 2013 gewysig om aan al die vereistes van die Visuele Impakstudie te voldoen.

Voortspruitend uit bogenoemde is 'n Argitektoniese Ontwerpshandleiding opgestel.

BESLUIT

(a) Dat die Argitektoniese Ontwerpshandleiding vir die "Moorreesburg Industriële Park" ingevolge artikel 29 van Ordonnansie 15 van 1985 goedgekeur word;

(b) Dat die betrokke argitektoniese riglyne ook deel uitmaak van die verkoopsvoorwaardes van die voorgenome erwe.

6.9 VOORGESTELDE ONDERVERDELING EN HERSONERING VAN 'N GEDEELTE VAN GEDEELTE 27 VAN PLAAS 560, YZERFONTEIN (15/3/3-15, 15/3/6-15)

Die bogenoemde ontwikkeling, ook bekend as Villadalmeida, is op 10 November 2008 goedgekeur.

'n Versoek is op 8 November 2013 ontvang vir die verlenging van die goedkeuringstydperk vir 'n verdere periode van twee jaar.

BESLUIT

Dat die verlenging van die geldigheidsduur van die voorgestelde Villadalmeida-ontwikkeling op 'n gedeelte van gedeelte 27 van Plaas 560 geleë te Yzerfontein, ingevolge artikel 16(2)(a)(iii) sowel as artikel 27(1) van Ordonnasie 15 van 1985 vir 'n verdere periode van twee jaar, soos bepaal ingevolge bogenoemde ordonnansie toegestaan word, en dat al die voorwaardes soos opgelê in die goedkeuringsbrief gedateer 10 November 2008 onveranderd bly.

6.10 VOORGESTELDE ONDERVERDELING MET AFWYKING VAN ERF 1852, MALMESBURY (15/3/4-8, 15/3/6-8) (WYK 8)

'n Aansoek is ontvang vir die onderverdeling van erf 1852 (groot 896m²), geleë op die h/v Auction- en Kloofstraat, Malmesbury in 'n restant (±496m²) en gedeelte A(±400m²).

'n Verdere aansoek om afwyking is ontvang ten einde af te wyk van die 1,5m syboulyne na 0m as gevolg van die onderverdelingslyn met betrekking tot die restant en gedeelte A.

BESLUIT

A Dat die aansoek vir die onderverdeling van erf 1852, Malmesbury ingevolge artikel 25(1) van Ordonnansie 15 van 1985 goedgekeur word, onderhewig aan die volgende voorwaardes:

A1 STADSBEPLANNING EN BOUBEHEER

(a) dat erf 1852 onderverdeel word in 'n restant (±496m²) en gedeelte A (±400m²);

(b) dat die onderverdeling ingevolge artikel 27(1) van Ordonnansie 15 van 1985 vir 'n tydperk van 5 jaar geldig is;

(c) dat bouplanne vir die oprigting van 'n woonhuis op die nuutgeskepte gedeelte ingedien word, asook die konstruksie daarvan sal plaasvind binne 'n tydperk van 1 jaar nadat die nuutgeskepte erf geregistreer is;

6.10/...

(d) dat die nuwe woonhuis op die nuutgeskepte gedeelte aan die toepaslike parameters sal voldoen;

A2 WATER

(a) dat elke onderverdeelde gedeelte van ‘n aparte aansluiting voorsien word. Hierdie voorwaarde is van toepassing op onderverdelingstadium;

A3 RIOOL

(a) dat elke onderverdeelde gedeelte van ‘n aparte aansluiting voorsien word. Hierdie voorwaarde is van toepassing op onderverdeling stadium;

A4 VULLISVERWYDERING

(a) dat die basiese vullisverwyderingstarief vir elke perseel gehef word;
(b) dat die vulllis in swartsakke op die naaste munisipale sypaadjie op oggend van verwydering geplaas word;

A5 ELEKTRISITEIT

(a) dat elke onderverdeelde gedeelte van 'n afsonderlike elektriese aansluiting op koste van die eienaar/ontwikkelaar voorsien word;
(b) dat enige verskuiwings van elektriese kabels oor die betrokke onderverdeelde gedeelte verskuif sal word ten koste van die eienaar/ontwikkelaar;
(c) dat enige elektriese tussenverbinding ge-isoleer en ten volle verwyder sal word;
(d) dat die elektrisiteitaansluiting aan bestaande langspanning netwerk gekoppel sal word;
(e) dat die eienaar by die Departement: Elektriese Ingenieursdienste vir 'n kwotasie aansoek doen om die nuutgeskepte erf, elektries te diens;
(f) dat addisioneel tot bogenoemde, die ontwikkelaar of eienaar vir die elektriese aansluitings aan die onderverdeelde gedeeltes moet betaal;

A6 KAPITAALBYDRAE

(a) dat die eienaar/ontwikkelaar kennis neem van die kapitaalbydrae vir die grootmaat voorsiening van water wat bepaal is deur die Weskus Distrikmunisipaliteit teen R10 795,80 (BTW ingesluit) per kiloliter jaarlikse gemiddelde daaglikse aanvraag (R10 795,80/kl AADD) gemaak word. Hierdie kapitaalbydrae is betaalbaar aan Swartland Munisipaliteit op uitklaringstadium. Hierdie bedrag is geldig vir die finansiële jaar van 2013/2014 en kan daarna hersien word en is betaalbaar teen posnommer 50-80-75-72-7990;
(b) dat die vaste kapitaalbydrae t.o.v. grootmaatwaterdienste ten bedrae van R7 277,00 aan hierdie munisipaliteit op uitklaringstadium gemaak word. Hierdie bedrag is betaalbaar teen posnommer 77-92-86-00-6200 en is geldig vir die finansiële jaar van 2013/2014 en kan hierna hersien word;
(c) dat die vaste kapitaalbydrae t.o.v. grootmaatriooldienste ten bedrae van R3 600,00 aan hierdie munisipaliteit op uitklaringstadium gemaak word. Hierdie bedrag is betaalbaar teen posnommer 59-76-86-00-6200 en is geldig vir die finansiële jaar van 2013/2014 en kan hierna hersien word;
(d) dat die vaste kapitaalbydrae t.o.v. strate en stormwater ten bedrae van R5 363,00 aan hierdie munisipaliteit op uitklaringstadium gemaak word. Hierdie bedrag is betaalbaar teen posnommer 71-82-86-00-6200 en is geldig vir die finansiële jaar van 2013/2014 en kan hierna hersien word;
(e) dat die vaste kapitaalbydrae t.o.v. elektrisiteit ten bedrae van R4 321,00 aan hierdie munisipaliteit op uitklaringstadium gemaak word. Hierdie bedrag is betaalbaar teen posnommer 83-84-86-00-6200 en is geldig vir die finansiële jaar van 2013/2014 en kan hierna hersien word;

6.10/...

Bogenoemde kapitaalbydraes t.o.v. Swartland Munisipaliteit is onderhewig aan ‘n 50% rabat vir die finansiële jaar 2013/2014 en kan daarna hiersien word.

A7 ALGEMEEN

(a) dat enige bestaande dienste wat die restant en onderverdeelde gedeelte aan mekaar koppel, verskuif en/of ontkoppel word sodat elke erf se pypwerk op die betrokke erf geleë is;

(b) dat indien die uitbreiding van enige bestaande dienste nodig sou wees om die onderverdeelde gedeelte van diensaansluitings te kan voorsien, dit vir die koste van die eienaar/onwikkelaar sal wees;

(c) dat die wetlike sertifikaat wat oordrag van enige onderverdeelde gedeelte ingevolge artikel 31 van Ordonnansie 15/1985 magtig, nie uitgereik sal word alvorens daar aan die relevante voorwaardes voldoen is nie;

(d) dat die beswaarmakers op hul reg tot appèl per geregistreede pos ingevolge artikel 44 van Ordonnansie 15 van 1985 gewys word.

B Dat die aansoek vir ‘n afwyking van boulyne ten einde af te wyk van die 1,5m syboulyne na 0m as gevolg van die onderverdelingslyn met betrekking tot die restant en gedeelte A, ingevolge artikel 15(1)(b) van Ordonnansie 15 van 1985 goedgekeur word.

6.11 VOORGESTELDE ONDERVERDELING MET AFWYKING VAN ERF 1060, MALMESBURY (15/3/4-8, 15/3/6-8) (WYK 10)

‘n Aansoek is ontvang vir die onderverdeling van erf 1060 (groot 1475m²), geleë te Hospitaalstraat, Malmesbury in ‘n restant (±703m²) en gedeelte A (±772m²).

Die aansoek sluit ook ‘n versoek in om van die boulyne af te wyk.

BESLUIT

A Dat die aansoek vir die onderverdeling van erf 1060, Malmesbury ingevolge artikel 25(1) van Ordonnansie 15 van 1985 goedgekeur word onderhewig aan die volgende voorwaardes:

A1 STADSBEPLANNING EN BOUBEHEER

(a) dat erf 1060 onderverdeel word in ‘n restant (±703m²) en gedeelte A (±772m²);

(b) dat die onderverdeling ingevolge artikel 27(1) van Ordonnansie 15 van 1985 vir ‘n tydperk van 5 jaar geldig is;

(c) dat bouplanne vir die omskepping van die buitegebou na ‘n wooneenheid op die restant erf 1060 aan die Direkteur: Ontwikkelingsdienste vir oorweging voorgelê word. Hierdie voorwaarde is van toepassing op uitklaringstadium;

A2 WATER

(a) dat elke onderverdeelde gedeelte van ‘n aparte aansluiting voorsien word. Hierdie voorwaarde is van toepassing op onderverdelingstadium;

A3 RIOOL

(a) dat elke onderverdeelde gedeelte van ‘n aparte aansluiting voorsien word. Hierdie voorwaarde is van toepassing op onderverdelingstadium;

A4 VULLISVERWYDERING

(a) dat die basiese vullisverwyderingstarief vir elke perseel gehef word;

(b) dat die vullis in swartsakke op die naaste munisipale sypaadjie geplaas word op oggend van verwydering;

A5/...

6.11/...

A5 ELEKTRISITEIT

(a) dat elke onderverdeelde gedeelte van 'n afsonderlike elektriese aansluiting op koste van die eienaar/ontwikkelaar voorsien word;

(b) dat enige verskuiwings van elektriese kabels oor die betrokke onderverdeelde gedeelte verskuif sal word ten koste van die eienaar/ontwikkelaar;

(c) dat enige elektriese tussenverbinding ge-isoleer en ten volle verwyder sal word;

(d) dat die elektrisiteitaansluiting aan bestaande langspanning netwerk gekoppel sal word;

(e) dat die eienaar by die Departement: Elektriese Ingenieursdienste vir 'n kwotasie aansoek doen om die nuutgeskepte erf elektries te diens;

(f) dat addisioneel tot bogenoemde, die ontwikkelaar of eienaar vir die elektrisiteitsaansluitings aan die onderverdeelde gedeeltes moet betaal;

A6 KAPITAALBYDRAE

(a) dat die eienaar/ontwikkelaar kennis neem van die kapitaalbydrae vir die grootmaat voorsiening van water wat bepaal is deur die Weskus Distrikmunisipaliteit teen R10 795,80 (BTW ingesluit) per kiloliter jaarlikse gemiddelde daaglikse aanvraag (R10 795,80/kl AADD) gemaak word. Hierdie kapitaalbydrae is betaalbaar aan Swartland Munisipaliteit op uitklaringstadium. Hierdie bedrag is geldig vir die finansiële jaar van 2013/2014 en kan daarna hersien word en is betaalbaar teen posnommer 50-80-75-72-7990;

(b) dat die vaste kapitaalbydrae t.o.v. grootmaatwaterdienste ten bedrae van R7 277,00 aan hierdie munisipaliteit op uitklaringstadium gemaak word. Hierdie bedrag is betaalbaar teen posnommer 77-92-86-00-6200 en is geldig vir die finansiële jaar van 2013/2014 en kan hierna hersien word;

(c) dat die vaste kapitaalbydrae t.o.v. grootmaatriooldienste ten bedrae van R3 600,00 aan hierdie munisipaliteit op uitklaringstadium gemaak word. Hierdie bedrag is betaalbaar teen posnommer 59-76-86-00-6200 en is geldig vir die finansiële jaar van 2013/2014 en kan hierna hersien word;

(d) dat die vaste kapitaalbydrae t.o.v. strate en stormwater ten bedrae van R5 363,00 aan hierdie munisipaliteit op uitklaringstadium gemaak word. Hierdie bedrag is betaalbaar teen posnommer 71-82-86-00-6200 en is geldig vir die finansiële jaar van 2013/2014 en kan hierna hersien word;

(e) dat die vaste kapitaalbydrae t.o.v. elektrisiteit ten bedrae van R4 321,00 aan hierdie munisipaliteit op uitklaringstadium gemaak word. Hierdie bedrag is betaalbaar teen posnommer 83-84-86-00-6200 en is geldig vir die finansiële jaar van 2013/2014 en kan hierna hersien word;

Bogenoemde kapitaalbydraes t.o.v. Swartland Munisipaliteit is onderhewig aan ‘n 50% rabat vir die finansiële jaar 2013/2014 en kan daarna hiersien word.

A7 ALGEMEEN

(a) dat enige bestaande dienste wat die restant en onderverdeelde gedeelte aan mekaar koppel, verskuif en/of ontkoppel word sodat elke erf se pypwerk op die betrokke erf geleë is;

(b) dat indien die uitbreiding van enige bestaande dienste nodig sou wees om die onderverdeelde gedeelte van diensteaansluitings te kan voorsien, dit vir die koste van die eienaar/onwikkelaar sal wees;

(c) dat die wetlike sertifikaat wat oordrag van enige onderverdeelde gedeelte ingevolge artikel 31 van Ordonnansie 15/1985 magtig, nie uitgereik sal word alvorens daar aan die relevante voorwaardes voldoen is nie;

(d) dat die beswaarmakers op hul reg tot appèl per geregistreede pos ingevolge artikel 44 van Ordonnansie 15 van 1985 gewys word.

B/...

6.11/...

B Dat die aansoek vir ‘n afwyking van boulyne ingevolge artikel 15(1)(b) van Ordonnansie 15 van 1985 soos volg goedgekeur word:

- Restant erf 1060 – 3m agterboulyn na ±1,9m as gevolg van die onderverdelingslyn
- Gedeelte A – 3m agterboulyn na ±1,5m as gevolg van die onderverdelingslyn.

(GET) T VAN ESSEN
UITVOERENDE BURGEMEESTER